PLANTMATERIAAL GESKIK VIR SAIKEI - CHARLES CERONIO

Omdat Saikei 'n natuurlandskap is wat 'n voorstelling in miniatuurformaat is, moet die dimensies van plant en klip sodanig wees dat dit tot die harmonie van die skepping moet bydrae.

Dit is daarom belangrik om plante te gebruik met klein blaartjies en wat 'n kompakte groeiwyse het. Hierdie eienskappe is baie belangrik omdat miniatuur voorstelling van volgroeide bome in die veld gemaak moet word.

Die keuse van plantmateriaal

Die aard van die skepping sal natuurlik ook 'n rol speel in die keuse van plantmateriaal.

Indien 'n droë Bosveldtoneel voorgestel word waar Kremetartbome die dominante plantegroei is, sal kompakte, dikstammige materiaal gebruik moet word. Om hierdie effek te kry, kan daar behalwe van egte Kremetarte ook ander vlesige materiaal soos byvoorbeeld die spekboom (Crasulla species) gebruik gemaak word.

Wanneer 'n seelandskap voorgestel word sal die plantmateriaal weer hoofsaaklik immergroen plante wees en kan daar veral van die konifere soos junipers, seders, thuja's, denne en sipressoorte gebruik gemaak word. Bladwissellende materiaal is normaalweg nie geskik vir 'n seelandskap nie omdat dit nie die aanslae van wind, sand en soutwater kan verduur nie. Delikate plante en grondbedekkers soos varings sal ook nie die aanslae van die Suid-Ooster kan trotseer nie en behoort nie in so 'n komposisie ingesluuit te word nie.

By 'n voorstelling van 'n droë woestyn of dor Karoo landskap sal daar aan die anderkant ook nie van tropiese of "sagte" plantmateriaal soos maples ens gebruik gemaak word nie. Sulke plante lyk eerstens onvanpas in so 'n samestelling en sal ook nie aard saam met aalwyne of vetplante nie. Daar moet selfs op die blaarkleur en vorm vir 'n Karoolandskap gelet word en behoort plante met blink en helder blare uitgeskakel te word. Omdat plante in die bar omgewing min water kry is hul blaaroppervlak gewoonlik dof en klein. Plante soos die Karroo-huilboerboon, die Kleinblaarjakkalsbessie, sekere junipers, aalwyntjies, ens. sal gevolglik meer inpas in die bar en droë omgewing.

By landskappe waar 'n stroompie deur 'n woud kronkel, kan van meer welige plantegroei gebruik gemaak word. Varings en klein grassoorte kan gevolglik ingesluit word om die waterstroompie en vogtige klimaat te belemtoon. Soos u sal merk is dit belangrik om die natuur so getrou moontlik na te boots en die omgewing se plantegroei as riglyn vir u samestelling te gebruik.

Mosse

Om grondbekkings verder af te wissel en sekere effekte te verkry kan daar van verskillende soorte mosse gebruik gemaak word. 'n Rank mos kan dus in 'n reenwoud gebruik word en dit sal natuurlik oor rotse en teen boomstamme opkruip.

Sekere grasvlaktes kan weer met verskillende kleure mos voorgestel word. 'n Blou-kleurige mos kan gebruik word om diepte voor te stel terwyl die stermos en

helderder mosse op die voorgrond gebruik kan word. Bergmosse is gewoonlik meer gehard as die mossoorte wat langs vleie en spruite gevind word. Hierdie bergmos sal gevolglik beter doen waar 'n Bosveld toneel voorgestel word omdat dit onder droër toestande sal floreer. Lewermos moet liefs vermy word omdat dit 'n digte mat vorm en nadelig is vir die normale groeiproses van die plante.

Grassoorte

Daar bestaan wynig grassoorte wat geskik is om direk as grondbedekking gebruik te word vanweë hul sterk wortelstelsel.

Indien groot bakke egter gebruik word kan daar byvoorbeeld van die Koreaanse grasse wat in variasies van groen en blou voorkom gebruik gemaak word.

Waar grasse as aksentplante gebruik word kan daar van die klein bekende vleigrassie gebruik gemaak word.

Die "ster"gras wat per abuis in 'n bonsaituin voorkom versprei so vinnig dat dit as ongewens beskou word en waar moontlik uitgeroei behoort te word. Binne gekontroleerde toestande vertoon dit egter tog mooi in 'n landskap. Dit moet egter nie as grondbedekking vir gewone bonsai gebruik word nie vanweë die aggressiewe verspreiding daarvan.

Meng van plantmateriaal of nie

Die vraag word dikwels gevra of verskillende plantspesies in dieselfde landskap geplant kan word.

My antwoord is "Gaan na die natuur en word wys".

Die natuur is ons beste leermeester en ons kan al ons antwoorde daar kry. Plantmateriaal kan gevolglik gemeng word maar dit moet oordeelkundig gedoen word. Soos wat plante in sekere klimaatstoestande saamleef, kan dit ook so in 'n Saikei gemeng word.

Konifere wat gewoonlik dieselfde klimaat- grond- en watervereistes het, kan gevolglik maklik saamgegroepeer word.

Akasias is 'n ander voorbeeld van plantmateriaal wat saam geplant kan word veral as 'n Bosveldtoneel voorgestel wil word.

Akasias, olien, huilboerbone en vysoorte kan op hul beurt as immergroen en bladwisselende plante saamgegroepeer word. Maples en Azaleas kan op hul beurt saamgevoeg word omdat dit van dieselfde vogtigheidstoestande hou. Wat gevolglik belangrik is om te onthou is om plantsoorte wat dieselfde grondvoorkeure, groeitoestande, vogtigheidstoestande, ens hou met vrug bymekaar gevoeg kan word.

Plant vooraf in klein houers

Plantmateriaal wat vir Saikei beoog word, moet verkieslik vooraf in klein houers geplant word. Dit kontroleer die groei en maak dit ook maklik tov die plasing tydens die Saikei se samestelling of skepping.